

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 27 Jun 2018
Page: 9

AVE: 17209.71
Circulation: 45000
Part: 1 of 1




# Onthou altyd, oog op die bal...

**Wilhelm de Swardt**

By Tuks Netbal word daar geglo as die klein dingetjies reg gedoen word, sal sukses vanself kom.

Die uitslae van onlangse groot plaaslike toernooie is 'n bewys dat die benadering werk. Die Jaguars, eintlik maar die Tuks-span, het die afgelope twee jaar die Brutal Fruit-toernooi gewen, vanjaar sonder om 'n wedstryd te verloor. Tuks is ook die verdedigende Varsity-kampioen.

In Tuks Netbal se Junior Program (van o.6 tot o.18) word dieselfde beginsel gevolg. Wat dit uniek maak is dat die studente spelers die jonger spelers touwys maak.

Lebogang Kekana is deel van die Suid-Afrikaanse o.21-groep en sê sy vind haar eie spel verbeter hoe meer sy die fynere kunsies van netbal aan jong spelers verduidelik.

"Dit is een ding om te luister na 'n afrigter en iets heeltemal anders om self tegnieke verstaanbaar vir ander spelers te probeer maak. Jy moet regtig verstaan waaroor netbal gaan voordat jy dit kan doen. Die beste manier om iets te leer is om dit oor en oor self in te oefen."




Nanique Stevens en Venetia Grobler leer Neyla Dirker 'n paar basiese netbalvaardighede. Foto: REG CALDECOTT

Die doel met die Tuks-program is om aanvullend tot die verskillende skole se afrigtingsprogramme te wees.

"Die afrigters by die skole het nie altyd tyd om regtig individuele aandag aan 'n speler te gee nie. Omdat ons met kleiner groepe werk, is dit moontlik om te sien as 'n speler sukkel om iets spesifiek te bemeester.

"Wat die program verder uniek maak, is dat ons nie die spelers laat spesialiseer in een posisie nie. Ons wil hê hulle moet elke posisie kan speel, veral die jonger spelers, want dit gebeur selde dat 'n speler van sewe tot 18 dieselfde posisie speel," verduidelik Venetia Grobler. Sy speel hoofdoel vir die Baobabs in die Brutal Fruit-reeks.

Nanique Stevens speel vir die Jaguars Cubs en sê dit is belangrik dat spelers reg van die begin af die basiese vaardighede van netbal onder die knie kry.

"Geen speler sal ooit die gang van 'n wedstryd kan verander as sy op kritieke tye dom foute begaan nie. Ons besef terdeë dat dit verkeerd sal wees om jong spelers te vroeg met te veel tegniese aspekte van die spel te oorweldig. Almal van ons het 'n ware liefde vir netbal. Om netbal te speel, moet eerstens pret wees. Hoe ouer en sterker jy word, hoe makliker begin jy dinge snap."

Melodine Jacobs het verlede jaar vir die Suid-Afrikaanse o.21-span gespeel en sy meen die program help om meer spelers vir langer by netbal betrokke te hou.

" 'n Speler wat nie vir 'n skoolspan gekies word nie, kan besluit om op te hou of aan 'n ander sport deel te neem.

"Maar ons kan spelers help om hul vaardighede sodanig te verbeter dat hulle wel later vir skoolspanne gekies word."

Vir meer inligting oor die program, kontak Lifa Khumalo (Tuks-netbaladministrateur) by 012 420 6081 of stuur e-pos na lifa.khumalo@up.ac.za.


PEAR

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO
DRAMATIC, ARTISTIC and LITERARY RIGHTS ORGANISATION (Pty) LIMITED